

WKOD-BELEID VIR DIE BESTUUR VAN LEERdersWANGERSKAP IN OPENBARE SKOLE

1. AGTERGROND

Die Handves van Menseregte, soos vervat in die Grondwet van die RSA, Wet 108/1996, bekragtig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, insluitende die regte van kinders (artikel 28) en die reg tot opvoeding (artikel 29).

Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat skoolbestuurders en beheerliggame verseker dat die regte en ontwikkeling van vroulike leerders nie ingekort word nie, en dat spesiale maatreëls rakende swanger skoolmeisies getref word.

Regulasiegeskiedenis

Hierdie beleid vervang die afdeling oor Tienswangerskap vervat in Omsendbrief 0077/98: *Algemene Handleiding vir die Skorsing en Uitsit van Leerders uit Openbare Skole (met uitsondering van Openbare Skole vir Leerders wat daarheen gestuur of oorgeplaas is ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74/1983) en/of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51/1977))*.

2. LEERdersWANGERSKAP

Daar word aanbeveel dat die skoolbeleid en die gedragskode voorsiening maak vir die hantering van leerderswangerskappe binne die raamwerk van hierdie beleidsdokument.

- 2.1 Wanneer dit duidelik is dat 'n leerder swanger is, moet die saak met **groot sensitiwiteit en vertroulikheid** gehanteer word.
 - 2.1.1 Die leerder moet beskou word as 'n Leerder met Spesiale Behoeftes met toegang tot berading deur professionele persone van die komponent vir Gespesialiseerde Leerder- en Opvoedersteun (GLOS) binne die OBOS. Die prinsipaal moet hierdie proses beheer en koördineer.
 - 2.1.2 Ten einde vertroulikheid te handhaaf, moet die prinsipaal aan die skoolbeheerliggaam rapporteer dat 'n leerder swanger is, sonder om noodwendig die leerder se naam bekend te maak.
 - 2.1.3 Indien die leerder as gevolg van seksuele misbruik, bloedskunde of verkragting swanger geword het, moet die prinsipaal die prosedure in die *Stop Misbruik*-protokoldokument volg.

- 2.1.4 Die prinsipaal moet 'n vergadering met die leerder en haar ouer(s) of voog(de) belê ten einde
- (a) insig te verkry in hoe sy en haar ouer(s) of voog(de) van voorneme is om die saak te hanteer.
 - (b) hulle te voorsien van omvattende inligting rakende al die toepaslike gesondheids- en voorligtingsdienste wat in die gemeenskap beskikbaar is; die dienste beskikbaar in die skoolstelsel en die OBOS'e; en die opsies beskikbaar aan haar om gedurende haar swangerskap met haar opleiding voort te gaan.
 - Hierdie alternatiewe kan die volgende insluit:
 - Om by die skool aan te bly vir solank dit medies raadsaam is, en om daarna leermateriaal en ondersteuning van die skool te ontvang
 - Om vir die duur van die swangerskap van die skool te onttrek, en self verantwoordelikheid vir voortgesette opleiding te aanvaar
 - 'n Graad 12-kandidaat moet volledig ingelig word oor eksamenopsies en -prosedure, alhoewel sy self daarvoor verantwoordelik is om as privaatkandidaat vir daaropvolgende eksamens te registreer.
 - (c) die ouer(s) of voog(de) te versoek om 'n mediese sertifikaat te verkry wat 'n moontlike datum vir die bevalling gee, die datum waarna dit medies raadsaam vir die leerder sal wees om afwesig van die skool te wees, en die datum waarna dit medies raadsaam vir haar sou wees om na die skool terug te keer.
 - (d) op grond van die bogemelde inligting met die ouer(s) of voog(de) van die leerder die tydperk waartydens sy afwesig van die skool moet wees, te bespreek.
 - (e) 'n geskrewe ooreenkoms met die ouer(s) of voog(de) en die leerder aan te gaan waarin dit duidelik gestel word dat
 - terwyl sy die skool bywoon dit op eie risiko is
 - die skool onthef word van aanspreeklikheid vir enige swangerskapverwante beserings of -insidente
 - geen alternatiewe of bykomstige logistiese reëlings van die skool vereis kan word nie
 - geen uitsonderings gemaak kan word ten opsigte van die nakoming van die skool se gedragskode nie.
 - (f) dit duidelik te maak dat wanneer die leerder na die geboorte na die skool terugkeer, sy nie toegelaat sal word om die baba met haar saam te bring nie.
 - (g) enige verdere besluite te neem, byvoorbeeld oor
 - of die saak vertroulik gehanteer moet word of nie
 - gepaste gedrag en optrede van die kant van die leerder
 - deelname aan die skool se buitemuurse aktiwiteite.

- 2.2 Indien dit bekend is of vasgestel word dat 'n manlike leerder by die skool verantwoordelik is vir 'n swangerskap, is dit noodsaaklik dat vertroulikheid gehandhaaf word.
- 2.2.1 Die prinsipaal moet die skoolbeheerliggaam in kennis stel.
- 2.2.2 Die prinsipaal en GLOS-vaklui binne die OBOS moet verseker dat
- (a) die manlike leerder se medeverantwoordelikheid aandag geniet
 - (b) die manlike leerder berading ontvang en ingelig word oor kwessies rakende seksualiteit, verantwoordelikheid vir optredes en die regsimplikasies van verpligtinge en regte.
- 2.2.3 'n Geskrewe ooreenkoms moet met die ouer(s) of voog(de), die manlike leerder en die beheerliggaam aangegaan word oor gepaste gedrag wat die skool se gedragskode eerbiedig.
- 2.3 Indien dit bekend is of vasgestel word dat 'n leerder van 'n ander opvoedkundige inrigting verantwoordelik is vir die swangerskap, moet die betrokke prinsipaal in kennis gestel word daarvan en moet hy of sy die geval volgens paragrawe 2.2.1 tot 2.2.3 hanteer.
- 2.4 Die opvoedkundige gevolge van leerderswangerskap en -ouerskap is tweeledig: jong moeders en vaders loop die risiko dat hulle nie die nodige opvoedkundige vaardighede sal verwerf om selfonderhoudende en ekonomies produktiewe burgers te wees nie, iets wat dikwels tot gevolg het dat hulle kinders met ekonomiese en ontwikkelingsagterstande tot die opvoedkundige stelsel toetree.
- 2.4.1 Daar word van 'n skool verwag om op toepaslike wyse op te tree in gevalle van leerderswangerskap. Dit is egter ook nodig dat 'n skool die situasie vanuit 'n opvoedkundige en waardegedrewe perspektief benader, met as einddoel om die leerders wie se toekoms anders deur ongelukkige omstandighede in gevaar gestel sou word, in staat te stel om in die klaskamer en in hulle persoonlike lewens welslae te behaal.
- 2.4.2 Dit is noodsaaklik vir die betrokke leerder dat haar opvoeding met so min ontwrigting as moontlik voortgesit moet word. Alternatiewe geskikte reëlins moet getref word om die kurrikulum te dek. Dit beteken dat lesaantekeninge en werkopdragte aan haar beskikbaar gestel moet word en dat sy die verantwoordelikheid moet aanvaar om die werkopdragte te voltooi en aan die skool vir deurlopende assessering (DASS) te besorg.
- 2.4.3 Die proses om geldige inligting oor die leerder se prestasie in te win en die formele rekordhouding van haar vordering deur die jaar (DASS) moet so ver as prakties moontlik voortgaan, ongeag of sy by die skool of tuis is. Die bewyse van assessering en rekordhouding wat in haar profiel en

portefeulje is, sal die OBOS se multifunksionele span help om aan die einde van die jaar oor haar bevordering te besluit.

- 2.5 Die belangrikheid daarvan om leerders te voorsien van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes rakende hulle seksualiteit en die gepaardgaande sosiale verantwoordelikhede in veral die leerarea Lewensoriëntering, kan nie oorbeklemtoon word nie. Die beginsel dat dit vir leerders die beste is om hulle van seksuele aktiwiteit te weerhou, moet benadruk word. Die beklemtoning van die belangrikheid van goeie morele waardes behoort die grondslag van seksuele opvoeding te vorm.
- 2.6 Skole kan ook ouers en voogde in staat stel om 'n aktiewer rol in die seksualiteitsopvoeding van hulle kinders te speel deur ouerbetrokkenheid- en opvoedkundige ondersteuningsprogramme aan te bied.

3. SWANGERSKAP TYDENS SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMENS

Wanneer 'n voltydse graad 12-kandidaat swanger word, moet die prinsipaal die saak soos volg hanteer:

- 3.1 In gevalle waar spesiale reëlings vereis word, moet die prinsipaal die swangerskap onmiddellik aan die Direkteur: Eksamens by die Departement rapporteer en 'n mediese sertifikaat as bewys voorlê.
- 3.2 Die leerder het die reg en die keuse om die skool by te woon tot so na aan die bevallingsdatum as wat medies gerade geag word.
- 3.2.1 As 'n leerder op 1 Oktober van die graad 12-jaar 32 (of meer) weke swanger sal wees, soos in 'n mediese sertifikaat aangedui, sal sy die volgende opsies hê:
- (a) Om die Oktober/November Senior Sertifikaat-eksamen in 'n afsonderlike eksamenlokaal by die skool of in die omgewing te skryf
 - (b) Om die Oktober/November Senior Sertifikaat-eksamen by 'n ander sentrum as 'n privaatkandidaat af te lê, indien sy sou besluit om voltydse skoolbywoning te staak. In hierdie geval sal die voorwaardes rakende spesiale sentrums in paragrawe 3.3.1 tot 3.3.5 van toepassing wees.
 - (c) Om vir die aanvullende eksamen in die daaropvolgende Maart in te skryf
- Die rede vir hierdie opsies is dat kandidate die reg het om hulle Senior Sertifikaat-eksamen in die beste moontlike eksamenomstandighede te skryf, en hulle kan ontstel word as 'n kandidaat in 'n gevorderde stadium van swangerskap tydens 'n eksamensessie in kraam gaan.

- Indien die leerder besluit en toegelaat word om die aanvullende eksamen in die daaropvolgende Maart te skryf, moet sy 'n mediese sertifikaat voorlê wat bevestig dat die swangerskap so ver gevorder was dat vir haar onmoontlik was om in Oktober/November die Senior Sertifikaat-eksamen te skryf.
- 'n Kandidaat wat nie in staat is om die eksamen in November of in Maart te skryf nie, kan op eie verantwoordelikheid as 'n privaatkandidaat vir daaropvolgende eksamens inskryf.

3.2.2 As die swanger leerder in graad 12 op 1 Oktober minder as 32 weke swanger is en verkies om die eksamen af te lê, sal die volgende opsies beskikbaar wees:

- (a) Om die Senior Sertifikaat-eksamen van November/Desember by haar eie skool af te lê
- (b) Om by 'n ander skool in die omgewing of by 'n spesiale eksamensentrum te skryf
- (c) Om as privaatkandidaat by 'n spesiale eksamensentrum te skryf indien sy voltydse skoolbywoning gestaak het.

3.3 Indien die kandidaat sou besluit om in Oktober/November die Senior Sertifikaat-eksamen by 'n spesiale eksamensentrum af te lê, sal die volgende van toepassing wees:

3.3.1 Die prinsipaal moet die kandidaat bystaan en met die Direkteur: Eksamens by die Departement reël dat sy by 'n spesiale eksamensentrum kan skryf.

3.3.2 As die leerder die enigste kandidaat by 'n spesiale eksamensentrum is, sal sy (of haar ouer(s) of voog(de)) verantwoordelik wees vir die vergoeding van die opsiener. Die kandidaat moet die opsienersfooi betaal aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement, wat dan die opsiener sal betaal.

3.3.3 Die kringbestuurder moet die opsiener en die spesiale sentrum, wat so na as moontlik aan die skool geleë moet wees, goedkeur.

3.3.4 Die spesiale opsiener moet 'n vraestel vir die spesifieke eksamensessie van die hoofopsiener ontvang wanneer die vraestelle in die skool se amptelike eksamenlokaal oopgemaak word, en dit na die spesiale eksamensentrum neem.

3.3.5 Na elke eksamensessie moet die spesiale opsiener die antwoordskrif(te) oorhandig aan die hoofopsiener wat dit/hulle saam met die res van die skool se skrifte na die Departement sal stuur.

4. ALGEMEEN

Ingevolge die Grondwet is prinsipale, skoolbeheerliggame en OBOS'e aanspreeklik vir alle leerders se reg op gehalte-opvoeding, en dit sluit ingeskrewe verwagtinge leerders en leerders wat ouers is in. Ten einde 'n balans te hê tussen die ouerlike verantwoordelikhede en die opvoedkundige behoeftes van leerders wat ouers is, behoort vennootskappe binne OBOS'e aangegaan te word met Onderwysondersteuningsdienste, Maatskaplike Dienste en Gesondheid.